LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 3/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Een nuwe begin

Die nuwe jaar het begin en staan klaar aan die einde van Januarie. Baie van ons het planne vir 'n nuwe begin. Baie van ons het gehoop vir 'n skoon begin, 2024 se moeilikheid is agter ons, hierdie jaar gaan dieselfde moeilikheid ons nie volg nie. Ons kom vining agter, die moeilikheid raak nie net weg met die jaar wat draai nie. Ons lees in Openbaring 21:5 - "Toe sê Hy wat op die troon sit: "Kyk, Ek maak alles nuut." En daarna sê Hy: "Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar." Ons sien dat daar in werklikheid net een nuwe begin is, God sê: "Ek maak alles nuut". Hy sê ook in vers 6 dat "elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet." Het u 'n nuwe begin nodig, aanvaar God se uitnodiging. Baie van ons ken mense wat oor die vermoë beskik om steeds in die storm te kan staan met 'n rustigheid en 'n oog op 'n nuwe begin van vrede, hoe kry hulle dit reg? Ek wonder of die geheim nie hierin lê nie.

## Goegieland – Manipulasie

Eerstens, baie dankie vir alle ouers se moeite met ons eerste pretdag. U kreatiwiteit was noemenswaardig. Kyk gerus uit vir foto's op die klasgroep en 'n prettige video op ons skool se Facebookblad (Laerskool Goedehoop Amptelik).

Ons herinner u ook dat roomysdag begin die eerste Woensdag van Februarie 2025. U is welkom om solank geldjies in kleuters se bruin koevert te stuur. Kostes beloop R10 per roomys.

Laastens beplan ons om op 'n gereelde basis bietjie ouerleiding deel te maak van ons Goegieland nuusbrief. Gee gerus vir Juffrou idees van kwessies wat u graag meer inligting van wil hê.

**<u>Manipulasie by Kleuters: Hoe kan ouers help</u>**

Kleuters is in 'n belangrike fase van ontwikkeling waar hulle hul emosies en sosiale vaardighede begin verken. Manipulasie kan deel wees van hierdie fase, aangesien kinders leer hoe hulle gedrag ander beïnvloed. Dit beteken egter nie dat hulle doelbewus "slim" is nie – dit is dikwels 'n manier om grense te toets of hul behoeftes en gevoelens uit te druk.

**Wat is manipulasie by kleuters?**
Manipulasie kom voor wanneer kleuters:
- Huil of tantrum om iets te kry wat hulle wil hê;
- Praatjies of vleitaal om jou tot ander besluite oor te haal;
- Weiering om opdragte uit te voer om jou aandag te trek of 'n ander reaksie te kry.

## Week se Program

### 3 Februarie 2025

- **Netbal Klein-Maar-Getrain begin. o/7 tot o/9 - 13:45 tot 14:45**
- **Wiskunde Ekstraklas begin**

### 4 Februarie 2025

- **Atletiek Zone te Secunda Stadion**



**Hoekom manipuleer kleuters?**

- Behoefte aan beheer: Kleuters wil dikwels beheer oor hul omgewing hê.
- Soek na aandag: Wanneer hulle aandag kortkom, gebruik hulle dikwels manipulasie as 'n manier om dit te kry.
- Eksperimentering met grense: Hulle toets dikwels hoe ver hulle die grense van gesag kan toets.

**Wenke vir ouers om manipulasie te hanteer**

1. Bly konsekwent: As jy 'n reël of grens gestel het, hou daarby. Kleuters leer vinnig as hulle jou kan "oortuig" om van plan te verander.
2. Leer hulle oor emosies: Help jou kind om hul emosies te benoem en verstaan. Sê byvoorbeeld: "Ek kan sien jy is teleurgesteld, maar ons eet nie sjokolade voor ete nie."
3. Moenie toegee aan tantrums nie: As 'n kind besef tantrums werk, sal hulle dit gereeld gebruik. Bly kalm en wys dat tantrums nie die gewenste resultaat sal bring nie.
4. Gee positiewe aandag: Gee jou kind aandag voordat hulle dit op 'n negatiewe manier probeer kry. Skenk tyd aan kwaliteit speletjies of gesprekke.
5. Leer probleemoplossing: Wys jou kind hoe om alternatiewe maniere te vind om hul behoeftes en gevoelens uit te druk gee hul ook spasie om self aan oplossings te probeer maak. Dit bevorder selfvertroue.

**Gevolgtrekking**

Manipulasie by kleuters is normaal, maar ouers kan help deur grense te stel, emosionele intelligensie te bevorder, en konsekwent op te tree. Deur geduld en leiding kan kinders leer om hul emosies op 'n gesonde manier uit te druk en positiewe interaksies te hê.

## WhatsApp-Groepe

Goedehoop maak van Whatsapp Kommunikasiegroepe gebruik om belangrike inligting uit die kantoor soos bv. 'n sportoefening wat uitreën, te deel. So verseker ons dat u as ouer dadelik op hoogte is van belangrike inligting wat uitgestuur word. Hierdie nommer sal slegs beskikbaar wees om kommunikasie uit die skoolkantoor met u te deel en vervang nie die lynfunksies van die skool of algemene navrae nie. Kommunikasie soos die Nuusbrief, Kwartaalprogram en belangrike skrywes uit die kantoor word hier geplaas. Die selnommer word nie konstant gemonitor nie en daarom vra ons dat u steeds die landlyn ((017) 634 7722) sal gebruik vir navrae en om afsprake te reël. Hierdie Whatsapp-groep vervang nie die klasgroepe wat by Gr. 000 tot 3 gebruik word nie. Neem asseblief kennis dat daar nie amptelike LS Goedehoop klasgroepe is vir Gr. 4 tot 7 nie. Indien u nog nie op u kind se betrokke kommunikasiegroep is nie, klik gerus op u betrokke kind(ers) se graad om deel te word.

Graad 000 | Graad 00 | Graad 0

Graad 1 | Graad 2 | Graad 3 | LSEN

Graad 4 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 7




| 3 Feb | 4 Feb | 5 Feb | 6 Feb | 7 Feb | 8 Feb | 9 Feb |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Layla Morris<br>Matthew Petersen<br>Marius Steyn<br>Jaunru Liebenberg<br>Mienké Visser | Kyle vd Berg | Leané Gouws<br>Liencke Moolman | Lianke Luwes<br>Monique du Plessis<br>Hanna Ackermann<br>Sasa Mokheseng<br>Marli v Zyl<br>Ronaldo Painter | Johan Burger<br>Isabelle Theron<br>Louis Stander | Ethan Knoetze<br>Bayleigh v Dyk<br>Harry Maré | Mufasa Kapuli<br>Kiara Green<br>Gabby Japhta<br>Juan Wels |

# d6

d6 Connect is die hoof kommunikasievorm wat by Laerskool Goedehoop gebruik word. Kommunikasie soos die Omsendbrief en belangrike skrywes uit die kantoor word hier geplaas. Die kwartaalprogram is onder die kalender beskikbaar. 'n Skakel is aan u gestuur om d6 Connect op u slimfoon af te laai. Sou u verkies om die toep reeds af te laai kan die volgende stappe gevolg word:

- Gaan op u foon na Google Playstore/Apple Store.
- Soek d6 Connect – dit is 'n swart blokkie met d6 in wit geskryf.
- Installeer die toep.
- Maak d6 Connect op u foon oop.
- Voltooi u selfoonnommer.
- 'n "one time pin (OTP)" word na u selnommer gestuur.
- Die d6 Connect-toep gaan u versoek om 'n wagwoord op te stel.
- Installasie is voltooi.

# Knipmesbraai

Ons eerste fondsinsamelingsprojek is agter die rug en ons staan weer stom van verbasing. Ons is geseënd met 'n gemeenskap wat ruim bydrae om in die behoeftes van ons skool te voorsien. Hierdie fondse help om die buitemuurse aktiwiteite meer bekostigbaar te maak sodat ons skool steeds aan verskeie kompetisies kan deelneem om ons sport op 'n hoë standard te hou.

# Akademie

Met die tyd wat so vining verloop besef ons nie altyd dat ons kwartaaltoetse in Februarie begin nie. Dis maklik om onkant betrap te word en nie voorbereid te wees vir die eerste toetse nie. Maak asseblief seker u en u kind bly op hoogte van die akademie en wat van die kinders verwag sal word in die verskillende toetse.

# Wiskunde Ekstraklas Gr. 4 tot 7

Ons is baie opgewonde om u mee te deel dat Laerskool Goedehoop gratis ekstra klasse en RO vir Wiskunde gaan aanbied. Hierdie ekstra klasse vervang nie die huidige RO-klasse nie, maar word addisioneel aangebied vir enige Graad 4- tot 7-leerders wat sukkel met Wiskunde, leerders wat afwesig was en belangrike werk gemis het en leerders wat met slegs sekere konsepte sukkel en vrae het. Kernbegrippe sal in hierdie sessies heronderrig word en leerders sal hulp ontvang van gekwalifiseerde Wiskunde onderwysers. Leerders is ook welkom om vrae te kom vra in die vraag-en-antwoord sessies wat direk na die heronderrig sessie sal plaasvind. Daar is vir elke graad 'n dag geallokeer, hoewel 'n Graad 6-kind wat sukkel met bv. basiese lang-deelsomme, by 'n Graad 4 en Graad 5 les mag aansluit om die gaping te oorbrug. In baie gevalle sukkel leerders met die huidige graad se werk omdat die vorige jaar of jare se basiese konsepte nie goed vasgelê is nie. Sodra daar 'n goeie basis vir Wiskunde gelê is, word dit makliker om elke jaar voort te bou op vorige kennis. Dit is baie belangrik dat leerders wat RO ontvang steeds die RO-klasse sal bywoon. Leerders wat gereeld versuim om RO-klasse by te woon sal ongelukkig nie by die ekstra klasse geakkommodeer word nie. **Onthou!!** Die klasse begin 3 Februarie 2025. **Plek:** Die klas word in u kind se wiskundeklas aangebied.

**<u>Ekstra klasse : Datums en Tye:</u>**

| Graad | Eksta klasse/RO Dae: | Sessie 1 Heronderrig | Sessie 2 Vraag-en-Antwoord |
|---|---|---|---|
| 4 | Maandae | 13:30 – 14:00 | 14:00 - 14:30 |
| 5 | Maandae | 13:30 – 14:00 | 14:00 - 14:30 |
| 6 | Woensdae – RO | 13:30 – 14:00 | |
| | Donderdae – Ekstra klas | 13:30 – 14:10 | |
| 7 | Maandae - RO | 13:30 – 14:00 | |
| | Maandae - Ekstra klas | 14:00 - 14:30 | |




# Dankbaarheid

Hierdie week is ons dankbaar vir wysheid van die Heilige Gees, 'n mamma en pappa asook 'n skool waar ons kan leer.

# Valentynspakkies

Op Vrydag, 14 Februarie 2025, vier ons die liefde met ‘n heerlike Valentynspiekniek op die rugbyveld. Die koste per pakkie beloop R50. Briewe met verdere besonderhede sal Maandag, 3 Februarie 2025 uitgestuur word. Ons sien uit daarna om hierdie spesiale dag saam te vier.

# Valentynsokkie Gr. 6 & 7

Maak gereed vir ‘n aand vol musiek, dans en pret! Kom vier die gees van Valentynsdag saam met ons op Donderdag, 13 Februarie 2025 by ons spesiale Valentynsokkie. Briewe met meer inligting sal Maandag, 3 Februarie 2025 uitgedeel word. Koste beloop R30 per leerder. Berei solank julle beste danspassies voor en kom geniet ‘n aand vol glimlagte en lekker kuier! Moet dit nie misloop nie!

# Atletiek – Interhuis

















Baie geluk aan die volgende atlete met hul mooi prestasies tydens Goedehoop se Interhuis-byeenkoms.

| | | |
|---|---|---|
| Junior Victrix | - | Marelie Koch |
| Junior Victor | - | Arlu Greeff |
| Senior Victrix | - | Izanie Ferguson |
| Senior Victor | - | Juan Wels |
| Beste Dogters Veldatleet | - | Kaylie Serfontein |
| Beste Seuns Veldatleet | - | Jeandré Oosthuizen |
| Beste Dogters Baanatleet | - | Miané Smit |
| Beste Seuns Baanatleet | - | Juan Wels |

# Atletiek

Tydens Laerskool Goedehoop se Interhuis, wat plaasgevind het op Vrydag, 17 Januarie 2025 te Secunda Stadion, het die volgende rekords behoorlik gespat!

Luhandré Cronje - Seuns o/7 400m
Mason v Jaarsveld - Seuns o/8 60m, 80m & 600m
Handré Carstens - Seuns o/8 80m
Marelie Koch - Dogters o/9 600m
Rori Mokheseng - Seuns o/8 600m
Leandri J v Rensburg - Dogters o/9 600m
Zanri Lotz - Dogters o/9 600m
Louis Stander - Seuns o/8 600m
Arlu Greeff - Seuns o/8 60m, 80m & 600m
Mia-nè Smit - Dogters o/9 600m
Jason Stratford - Seuns o/11 Verspring
Jeandré Oosthuizen - Seuns o/12 Gewigstoot



# Skaak

Leerders wat belangstel om skaak te speel hierdie jaar moet spoedig ‘n brief gaan afhaal by Juf. Carin of Juf. Ané. Geen skeurstrokie, geen deelname. Let asseblief mooi op na die tye en dae wanneer watter groep/vlak oefen. Sien ook die kwartaalprogram op d6. Oefening begin reeds volgende week op 3 en 5 Februarie 2025. Neem asseblief ook u kind se ander aktiwiteite in ag voordat u besluit op skaak, want dit is baie belangrik dat leerders toegewyd sal wees en skaakoefening getrou sal bywoon. Volg asseblief die skakel om op die WhatsApp-groep te wees waar belangrike inligting deur gegee sal word, sou u kind besluit om deel te neem.

**Skakel vir Skaak WhatsApp-groep**

# Klein-Maar-Getrain (Mini-Netbal)

Welkom by Klein-Maar-Getrain! Voorseisoen begin op 3 Februarie 2025 vir die o/7- tot o/9-dogters - al die dogters is welkom! Onthou tekkies, sonskerm en waterbottel.

3 Februarie 2025 - 13:45 tot 14:45
6 Februarie 2025 - 14:00 tot 15:00

Waarom begin ons reeds vroeër met afrigting? Om vaardighede op te skerp. Juffrou Mareleen Erasmus en Me. Alisha Combrink gaan as hoofagrigters betrokke wees en help by spanne. Hulle gaan die afrigters se hande versterk. Ons sien uit na ‘n vrugtevolle mini-netbal seisoen.

**Kliniekdatums**

o/9 10 & 11 Februarie 2025
o/8 17 & 18 Februarie 2025
o/7 24 & 25 Februarie 2025

Koste beloop R150/speler en kan by die klasonderwyser inbetaal word. Skrywe sal volgende week uitgegee word. Ons gaan ook ‘n tuisprogram gee vir spelers, die oefeninge kan tuis gedoen word. Me. Alisha Combring gaan die link maak en oefeninge daarop plaas. Soos bespreek by die mini-netbalvergadering wil ons spelers aanmoedig om hul eie bal aan te skaf sodat hulle die oefeninge by die huis kan doen. Die grootte bal vir o/7 tot o/9 is ‘n nommer 4. Die netbalpaal se doelring is 2,5m hoog.

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr Gawie van Niekerk
Prinsipaal

# Aanlynklerewinkel

LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

## Dis so maklik soos... 1 2 3

- Besoek die skool se webblad

**www.laerskoolgoedehoop.co.za**

- Kliek op die klerewinkelskakel




- Kliek op die item en kies die grootte







- Volg die skakel vir veilige betaling